

# JEUG ALPHA: Sessie 7 - Wie is die Heilige Gees en wat doen Hy?

## 1. PRAISE AND WORSHIP

### 2. YSBREKER: Raai wie PPT

- Daar word 'n klompie fotos van beroemde mense gewys.
- Die gesigte word egter net stukkie op 'n slag gewys en die kinders moet kyk of hulle kan raai wie die persoon is voordat al die stukkie in plek is.

### 3. PROCESS YSBREKER:

- Die Heilige Gees word al vir te lank verkeerd verstaan en verskuil.
- Hy is die derde Persoon van die Drie eenheid – Vader, Seun en **Heilige Gees**.
- Dis makliker vir ons om God die Vader of Jesus die Seun van God in ons gedagtes voor te stel so ons mag dalk met die vraag sit: 'Maar Wie is die Heilige Gees?'
- Vanaand gaan ons meer duidelikheid kry.

### 4. VIDEO CLIP: Vrae tydens die video clip

(Hierdie vrae word tydens die video clip gevra en deur die groep beantwoord)

**Vraag 1:** What do you find scary?  
(Wat maak jou bang?)

**Vraag 2:** What comes to mind when you think about the Holy Spirit?  
(Watter vrae kom by jou op wanneer jy van die Heilige Gees hoor?)

**Vraag 3:** If you could have more or any of these, which one would most impact your life today? Love, peace, joy, patience, kindness, goodness, faithfulness, gentleness and self-control.  
(As jy een of meer van hierdie kan hê, wat sal vandag die grootste impak op jou lewe hê?  
*Liefde, vrede, vreugde, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, selfbeheersing*)

Soos ons gehoor het, is die Heilige Gees deel van die Drie Eenheid. Ons gaan nou bietjie ondersoek instel oor Wie die Heilige Gees is. Om dit te kan doen, gaan ons 'n toer deur die Bybel moet vat. Ons begin dan ook reg by die begin van die aarde...

## 5. WIE IS DIE HEILIGE GEES?

### Kleingroepe:

Lees die volgende teksdele as groep saam om die vraag by elke teksvers te beantwoord:

- **Genesis 1:2** (Hy was betrokke by die skepping van die aarde)
- **Genesis 2:7** (Hy het lewe in die mens ingeasem)
- **Rigters 6:14-16** en **Rigters 15:14-15** (In die Ou Testament was die Heilige Gees – die Bron van Krag, slegs vir die regte persoon, op die regte plek en die regte tyd bedoel. NOU is Hy as Kragbron vir al Sy kinders beskikbaar).

- **Joh 14:15** (Hy is belowe deur Jesus, en Hy is ons Voorspraak vir die Vader, Hy tree vir ons in wanneer ons dit nodig het)

## **Grootgroep:**

- Natuurlik met Jesus die Seun van God op aarde, het die Heilige Gees baie besig geraak. Johannes die Doper het gepreek dat iemand oppad was wat mense nie net met water sou doop nie, maar met die Heilige Gees. Hierdie iemand was natuurlik Jesus.
- Toe Jesus gedoop is, het die Heilige Gees soos 'n duif op Hom neergedaal vanuit die hemel en Hy het krag ontvang.
- Jesus het ook aan Sy dissipels vertel dat hulle die Heilige Gees sou ontvang en dit het dan ook later gebeur. Dit was dan die begin vir ons waar almal die innerlike energie en krag kon ontvang as ons tot bekering kom en die pad saam met Jesus stap.

## **6. WAT DOEN DIE HEILIGE GEES?**

Die volgende twee temas rondom die Heilige Gees het baie meer tyd nodig as wat ons nou het, daarom gaan ons net kortliks daarna kyk. Die Heilige Gees gee vir Sy kinders die Gawes en die Vrugte van die Gees.

### **Kleingroepe:**

**Vraag:** 1 Kor 12:7-12 Wat is die Gawes van die Gees, en wat is die doel daarvan?

**Antwoord:** Om ander te help, en die kerk te bedien, en die Bruid voor te berei

**Vraag:** Gal 5:22 Wat is die Vrugte van die Gees, en wat is die verskil tussen die Gawes en die Vrugte van die Gees?

**Antwoord:** Die vrugte is vir jouself bedoel, en die Gawes vir die kerk en ander gelowiges

## **7. SLUIT AF MET GEBED**